Skryf en aanbied: 'n Onderhoud – Bl. 98

Jy is julle skool se sportjoernalis. Skryf 'n onderhoud (op 'n aparte bladsy) met die meisie in die spotprent vir julle skoolkoerant.

- Stel vrae aan die persoon. Praat eers oor haar agtergrond sodat jou lesers presies weet wie sy is.
- Vra dan vrae waarom sy dink sport goed vir veral 'n skoolkind is.
- Lees die kort artikel hieronder oor die redes waarom sport voordelig is en gebruik dit in jou onderhoud.

'n Paar redes waarom sport goed vir 'n mens is

- Sport leer jou selfdissipline.
- Jy maak nuwe vriende.
- Dit gee jou meer **selfvertroue** *(self-confidence)* in alles wat jy aanpak.
- Dit help jou om beter te konsentreer wanneer jy leer.
- Sport help jou om gesond te lewe en jou liggaam te respekteer.
- Jy wil graag in sport 'n **doelwit** (*goal*) bereik en daarom moet jy hard daaraan werk.
- Jy begin om jou tyd te beplan en reg te gebruik.

(Uit: *Hoezit!*, Mei 2010, Uitgawe 27, bladsy 34–36)

Beplanning:

- Die onderhoud se inhoud moet omtrent twee bladsye lank wees.
- Skryf eers al jou gedagtes neer en kies die bestes.
- Onthou, jy moet namens jou lesers meer uitvind oor hierdie meisie!

Skryf 'n konsep:

Skryf die onderhoud die eerste keer volledig neer:

1. Wees kreatief.
2. Volg die reëls van 'n onderhoud.
3. Gebruik die agtergrond oor die storie om goeie vrae te stel.
4. Probeer die nuwe woorde gebruik.
5. Sluit die onderhoud af met 'n sterk slotsin.

Hersien, redigeer, proeflees en aanbied;

- Maak seker dat elke sin leestekens het.
- Het elke sin met 'n hoofletter begin?
- Is die formaat reg vir 'n onderhoud?
- Het jy seker gemaak die woordorde van jou sinne is korrek?
- Skryf dit netjies oor en lewer dit met trots in.